**Nov/Des 2007**

**Jaargang 7, Uitgawe 6**

# Nuusbrief

*Drie Provinsies Vlieghengel Klub / Noordkaap Geelvis Werkgroep*

***Artikels***


- Bell's 2007
- Nuwe Klub en Werkgroep bestuur verkies
- Ledegelde
- *NCYWG*
- Contact details
- Conservation
- Water Report
- Catch Reports
- Jaareind Braai
- Fly of the Month
- In die Kerskous *Stok toets deur Harm Vorster*

## Geseënde Kersfees

Nog 'n jaar staan op 'n einde en ons wens elkeen 'n baie Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige 2008 toe.

Vir almal wat hierdie seisoen op die pad gaan wees, ry versigting, kom veilig terug en sorg dat die hengelgerei altyd ingelaai is!

Alles dui daarop dat 2008 'n uitstekende hengeljaar gaan wees en ons wil graag almal weer in volle gesondheid op die water terug verwelkom.

Hierdie is die laaste amptelike nuusbrief vir 2007 en ons sien daarna uit om elke twee maande 'n brokkie nuus in hierdie vorm te verskaf.

Om kostes laag te hou sal ons voortaan die nuusbrief ook op ons webwerf beskikbaar stel onder 'n privaat afdeling vir lede. Lede wat nie toegang tot die internet of e-pos het nie sal nog steeds die brief per pos ontvang.

*Kersgroete*
*Carl*

## Bell's 2007, Nkolo Spa

Die 2007 Bell's het plaasgevind oor die naweek van 4-7 Oktober by ons klubwater, Nkolo Spa op Christiana - oor die algemeen beskou as die mees suksesvolle Bell's wat tot dusver deur die werkgroep aangebied is!

Van die hengelaars het alreeds Woensdag opgedaag en die naweek hoogtepunt is Saterdag aand afgesluit met 'n buffet ete en die prystrekking deur Derek Cuthbert van Bell's.

Turner Wilkinson is deur TCFF *(The Complete Fly Fisherman)* afgevaardig om die byeenkoms by te woon en ons sien uit na sy artikels wat binnekort in die tydskrif verskyn.

Water toestande was redelik met baie goeie vloeibeheer wat deur waterwese toegepas is en meer as 250 visse is deur 38 hengelaars gevang. Daar is ook nog 10 visse gemerk wat die totale aantal gemerkte vis in hierdie deel van die Vaalrivier op 36 te staan bring.

Weereens 'n spesiale woord van dank aan al die borge, organiseerders en instansies wat by hierdie prestige byeekoms betrokke was.

Die verblyf en eetgoed was uitstekend en is met lof besing deur al die hengelaars wat bygewoon het.

Ons sien uit na nog 'n groter byeenkoms vir die 2008 hengeljaar!

Baie van die fotos kan op ons webwerf gesien word:

***http://flyfish.kimvertise.co.za***

XPLORER SERIES
Quality Fly Fishing Equipment

*"Give a man a fish and you feed him for a day. Teach a man to catch fish and he sits on a boat, drinking beer all day"*

## Nuwe Bestuur Verkies

Tydens die jaareind funksie by Nkolo op 24 November, is ouder-gewoonte 'n informele vergadering en bestuurs-verkiesing gehou.

Daar is 'n besluit geneem dat die klub en werkgroep bestuursposisies, met uitsondering van die tesourie deur dieselfde persone gehou moet word aangesien die meeste van die funksies oorvleuel en die werkgroep lede in alle geval lede van die klub is. Omdat twee verskillende bankrekeninge gehou word, is daar besluit dat 'n afsonderlike tesourie elk die finasies sal hanteer.

*Die 2008 bestuurskommitee is:*

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Hardus Coetzer |
| Onder Voorsitter: | Koos Barkhuizen |
| Sekretaris/Webmeester: | Carl Nel |
| Tesourie (Klub): | Christo Cruywagen |
| Tesourie (Werkgroep): | Etienne Benade |

*Die sameroepers is:*

| | |
|---|---|
| Wayne Erasmus | (Vaalharts) |
| Charl du Plessis | (Taung) |
| Sai van Biljon | (Bloemfontein) |
| Gert Bronkhorst | (Christiana) |
| Harm Vorster | (Kimberley) |

## Lidmaadskap Hernuwing en Klubgelde

Ingesluit by hierdie nuus-brief is die ledevorm vir 2008.

Om nog beter lede kom-munikasie te verseker wil ons vra dat dit so volledig moontlik ingevul word met kontaknommers en e-pos adresse by die lede wat toegang tot hierdie vorm van kommunikasie het.

Lidmaatskap is elke jaar hernubaar en die fooi is steeds R80 per jaar wat dan aan die lid, benewens die twee-maandelikse nuusbrief, ook gratis toe-gang as dagbesoeker tot ons amptelike klubwater, Nkolo Spa besorg.

Maak gerus kopieë van die vorm en gee aan voor-nemende lede om te vol-tooi. Die vorm kan ook by ons webwerf afgelaai word.

Lidmaatskap is ook nie net vir lede uit die drie stigtings provinsies nie. Alle vlieghengelaars is welkom om aan te sluit. Kom ons bou die ledetal tot nuwe hoogtes! Lidmaatskap aan 'n klub help ook baie met bewus-making oor bewarings aspekte en gee aan lede die geleentheid om hulle kennis te verbreed en ook met ander te deel.

*Ons vra asseblief dat alle hernuwings teen 1 Maart elke jaar afgehandel word.*

## Northern Cape Yellowfish Working Group

During the past year, the *NCYWG* has also found a new home on the web.

It is regularly updated with conservation news and articles, water reports and also the national YWG newsletters and reports. Members of the Three Provinces Flyfishing Club are automatically mem-bers of the NCYWG, a non-profit conservation organization sponsored by Bell's Whisky.

Please assist in conserv-ing our yellowfish resources and its habitat by reporting irregularities to the committee.

For more information please visit the website at:

***http://ncywg.kimvertise.co.za***

## Kontak besonderhede – Contact details

| | | |
|---|---|---|
| Hardus Coetzer | Voorsitter | 082 318 5338 |
| Koos Barkhuizen | O/Voorsitter | 082 652 6001 |
| Carl Nel | Sekretaris/Webmeester | 072 199 7254 |
| Christo Cruywagen | Tesourie (Klub) | 082 789 2336 |
| Etienne Benade | Tesourie (NCYWG) | 072 552 7267 |
| Juliana Cruywagen | Hoofkantoor | 053 441 3451 |
| Wayne Erasmus | Vaalharts | 082 890 1459 |
| Charl du Plessis | Taung | 082 898 4012 |
| Sai van Biljon | Bloemfontein | 082 854 4918 |
| Gert Bronkhorst | Christiana | 083 521 7708 |
| Harm Vorster | Kimberley | 083 233 7730 |
| Drie Provinsies | http://flyfish.kimvertise.co.za | |
| NCYWG | http://ncywg.kimvertise.co.za | |
| e-pos vir nuus/fotos | webmaster@flyfish.kimvertise.co.za | |

Please use the above contacts for all club and working group communication. We are always in need of news articles and pictures of your catches for the website and newsletter. Make use of the above e-mail address and let us know what is happening in your area!

## Conservation News

*"How can this be legal? This equipment has been on the Vaal River at Barkly West since Friday 06th September.*
*This is obviously a 'one man' operation, but what happens when every digger in the Northern Cape follows suit and jumps on the bandwagon? An ecological disaster, to say the least!*
*Please assist with information and names of relevant authorities that can be contacted to stop this."*
An extract from the e-mail that was sent to DWAF, DME and DEAT including some pictures of an operation on the Vaal at Barkly West.

I have received some useless info from DWAF stating that it is still a *"confidential matter"* that is being investigated, but to date no response from DME or DEAT at all.
An official letter of concern from the NCYWG will be sent to the mentioned authorities to see if we can get any response.
From the pictures it can clearly be seen that many conservation and other environmental regulations are not adhered to.
Let's stand together and report any activities of environmental concern in our official capacity as the NCYWG.

*"An ecological disaster, to say the least!"*

## Grootbek Slagting

*"Plaaslike bevolking in die omgewing ruk op in hulle hordes met pikstele, stokke en enige ander wapen"*

Daar vind tans 'n grootskaalse slagting plaas onder die grootbek geelvis populasie wat besig is om the spawn by Van Der Kloof.

Plaaslike bevolking in die omgewing ruk op in hulle hordes met pikstele, stokke en enige ander wapens wat hulle kan kry en maai dan woes onder die honderde geelvis in die vlakwater. Die vis, sommige van oor die 6kg word dan in die dorp gesmous teen so min as R5 stuk.

Dankie aan Jan-Louis vir die aanmeld van hierdie slagting. Die inligting is onmiddellik deurgegee aan Dirk wat baie kontakte met onder andere die Vrytaatse afdeling van natuurbewaring het. Dankie ook aan Dirk dat jy so vinnig werk gemaak het van die situasie.

Ons het alreeds heelwat terugvoer ontvang en dit wil voorkom of die vinnige reaksie van ons wakker lede vrugte afwerp.

Al ons lede is slegs vrywilligers wat hul tyd opoffer in die belang van geelvis bewaring. Meer oë in ons omgewing beteken dat onwettige en onverskillige optrede soos dié deur oningeligtes dadelik stopgesit kan word.

Ons het ook die afgelope jaar op 'n webblad afgekom met walglike fotos van dooie geelvis wat deur trotse "hengelaars" ten toon gestel word.

Na vele opmerkings en epos boodskappe aan die eienaars van die blad, lyk dit of hulle darem die lig gesien het en het nog nie weer soortgelyke fotos geplaas nie. Sekere bekende hengel tydskrifte gebruik ook gereeld sulke fotos, selfs as voorblad.

Dit is weereens net 'n geval van oningeligdheid aangaande die bewaringstatus van geelvis as hengelspesie.

## Water Report

*Temp: 18°C – 25°C*
*Vis: 25cm - 100cm*
*Fairly low flows make wading easy, but fewer fish are in the rapids.*

We appeal to all members to assist in updating our records by supplying information on the angling waters in your area.

Not only will information on the flows, water clarity, pollution, etc. help with the identification and early action/management of possible issues, but it will also assist all to make an easy choice on planning the next trip to the water.

***Lower Vaal*** *(Christiana – Warrenton):*
Temperatures from 20°C to 25°C with very little *Spyrogyra* infection and visibility of 25-50cm.

*Warrenton – Barkly West:*
Visibility of more than 1m in areas makes angling extremely hard for the inexperienced angler. Fish tend to stay in the deeper pools and are easily spooked by wading.

***Riet*** *(Ritchie – Ongeluksdrif):*
Temperatures between 18°C and 22°C. Water clarity is fair – up to 50cm visibility in places. An oily slick can be seen in certain areas below water pumps, indicating a certain amount of fuel spillage by farmers operating these abstraction pumps.

# Hengelnuus uit die omgewing

Alexander Flemming het onlangs by Krugersdrif dam gaan hengel en het hierdie foto van sy baber aangestuur:

Welgedaan, Alexander!

Dirk Human stuur ook gereeld fotos van sy vangste uit die Vaal naby Bothaville. Lyk of daai geles lekker vet gevoer is op die riool afloop verder stroop op – nog 'n goeie rede dat geelvis te alle tye lewend in die water terug geplaas moet word!

Dankie vir die mooi fotos, Dirk – hou so aan, maar jy sal hier by ons moet kom leer wat groot vis is!

Thanks to Wade Martin for some nice pics of the Golden Trout. Keep them rolling!

Wade is one of our new members from Gauteng and specialises in catching 10cm yellows on #20 brassies...

Ons plaas graag fotos van enige hengel uitstappies deur lede. Stuur aan, dit laat net die ouens wat heeldag by die huis sit se bekke lekker water!

Golden Trout – Wade Martin

Rainbow Trout – Wade Martin

Kleinbek Geelvis - Dirk Human

Sommer net om vir Dirk te wys hoe lyk 'n groot vis! ☺

Kleinbek Geelvis - Dirk Human

Barkly Wes se klein babertjies… Dirk, kry vir jou 'n lekker besemstok met boulyn en kom hengel saam! *Spot sommer Ouboet, jou vangste lyk altyd goed!*

## Fly of the Month

*"If all else fails, try another pattern!"*

Ons beplan om 'n nuwe vliegbind "resep" hier te plaas met elke uitgawe van die nuusbrief. Stuur gerus fotos en bind metodes.
Die Kimberley lede hou gereeld maandelikse vliegbind aande waar kennis en metodes uitgeruil word. Lede word aangemoedig om vriende saam te bring wat dan weer belangstelling prikkel en die klub ledetal laat groei.

## We're on the Web!

*See us at:*

**flyfish.kimvertise.co.za**
**and**
**ncywg.kimvertise.co.za**

# Jaareind Braai

Elke jaar word 'n gesellige byeenkoms by Nkolo gehou. Dit is 'n ope dag vir die hele gesin en geen toegangsfooie word gevra nie. Eet- en drinkgoed word voorsien en daar kan al van vroeg af gekuier en gehengel word.

Die jaarlikse verkiesing van die nuwe bestuur word ook op hierdie dag gehou en dit is dus uiters belangrik dat soveel moontlik lede bywoon. Dagboek sommer nou al die laaste Saterdag van November 2008 vir hierdie geleentheid!

Harm het oudergewoonte weer met die kolgooi en vergooi pryse weggeloop – lyk of daardie 150 hengeldae per jaar nogal baie oefening verskaf!

Christo het ook met sy grootste karp nog gespog!

As gevolg van moeilike hengeltoestange is daar nie hierdie jaar *vyf spesie* kompetisie pryse uitgegee nie. Die klub kompetisie word jaarliks gehou en die pryse gaan vir die grootste van vyf spesies wat gedurende die jaar deur klublede op vlieggerei gehengel is:

- Grootbek geelvis
- Kleinbek geelvis
- Karp
- Baber
- Moddevis

Die vangs moet by wyse van 'n foto of ander klublid as getuie gestaaf word. Die lengte van die vis sal ook in ag geneem word om die gewig in korrekte proporsie te bepaal, so haal maar gerus daai lood uit die vis se keel voordat jy jou vangs weeg! ☺

*Christo se 6kg karp sou definitief hierdie jaar se prys gevat het. Mooi so Oubaas! Dit lyk of daai vis jou lekker laat spook het!*

Adventure Fly Fishing

# In Die Kerskous – Vliegstok Toets *TFO se TiCr & TiCrX reeks*

My nederige mening/terugvoer vir wat dit werd is. Eintlik preek ek vir die bekeerde en ek kon uiteindelik appels met appels vergelyk. Ek het Butros se 6# TICR en Martin se 6# TICRX met die Wulf Triangular taper Floating en weight forward sinking (Hardy en Scientific anglers) lyne gegooi.

Die X is effens stywer nader aan die katrol en buig meer in die boonste helfte - dit laat die punt van die stok sag voor-kom maar het genoeg "snap" om die lyn uit te stuur. Die sagter punt maak dit maklik om kleiner loops te gooi veral as jy 'n duidelike forward stop het.

Die R gooi baie soos my Redington CPS en is nie regtig veel vinniger nie. Jy gebruik basies 2/3 van die stok se blank om die lyn te gooi (werk goed as jy daarvan hou om die stok te laat werk/buig). Die R doen alles wat die X doen betreffende afstand met baie min false casting.

As jy die krag van die X op die regte manier gebruik (timing) en nie probeer om die X te laat buig nie gooi hy baie lekker. As jy die X probeer buig, buig jy net die punt gedeelte en verloor die krag vd stok, jy moet nie die X laat werk nie hy doen die werk self as jy tegnies korrek gooi. Nie vir beginners of iemand soos ek wat nog baie foute in my lang afstand casting het nie.

Die Wulf lyn maak dit makliker om die X te gooi omdat die meeste van die lyn se gewig voor in die lyn is, sal 'n Bass lyn of 'n weight forward 7 gewig lyn lekker gemaklik gooi.Volgens my mening is die X die eerste stok wat jy met gemak 'n swaarder gewig lyn kan opsit sonder om die stok te oorlaai.

*Groete*
*Harm*